

5 MAART

SKRIFGEDEELTE: JAKOBUS 5:13-18
FOKUSGEDEELTE: JAKOBUS 5:16b

Gebede met 'n kragtige uitwerking

Bid tot God. Bid as jy swaar kry. Bid as jy opgeruimd is. Bid as jy siek is. Bid as jy gesondig het. Lewe in 'n biddende verhouding met God. Dit is wat Jakobus deur sy hele brief wil leer. Hy begin met 'n oproep tot gebed om wysheid (Jak. 1:5) en hy sluit af met oproepe tot gebed (Jak. 5:13-19).

Gebede is die voorreg wat die gelowige ontvang om met God te kommunikeer. Gebede is die middel waardeur die gelowige wysheid ontvang om reg voor God te lewe. Die biddende gelowige sal weet hoe hy in alle omstandighede voor die Here moet lewe. Gebede is 'n middel waardeur God sy ewige plan hier op aarde tot uitvoer bring.

Moenie dink dat gebede 'n blote susmiddel is wat geen uitwerking het nie. Nee, intendeel. Gebede laat mense wat swaarkry, lofliedere sing. Gebede maak siek mense gesond. Gebede werk vergifnis. Gebede hou wolke weg en gebede bring wolke om reën te gee. Dit alles gebeur omdat mense bid. Mense soos Elia en soos ek en soos jy.

Die krag van die gelowige se gebede lê nie in homself nie, maar in die Een tot wie hy bid. Juis omdat gebede gerig is tot God wat alles kan doen en wat die goeie vir sy kind wil doen, juis daarom is gebede 'n kragtige middel in die hand van God.

Bid daarom vandag. Leef vandag biddend en in die verwagting dat God jou gebede sal verhoor.

Sing: Psalm 66:4 (Cloete)

Ds Fanie Coetzee (Potchefstroom-Noord)